die laaste sê

'n Paar maande gelede lees ek 'n artikel oor hoekom spelfoute belangrik kan wees.
Die outeur maak die punt (en ek wens ek kan die artikel weer opgespoor kry) dat in die tegnologie-gedrewe tye waarin ons woon, persoonlike kontak tussen mense al hoe meer verlore gaan.

Veral vaar hy uit teen die kunsmatige vertoon van "persoonlike kontak" in e-pos, briewe en ander kommunikasie. Selfs jou voornaam word bo-aan 'n e-pos of brief van die bank gebruik, maar jy weet voor jou siel dit is iets wat aan honderde, indien nie duisende, ander mense gestuur word. En dan het hulle nog die vermetelheid om hul "handtekening" onder aan te sit – asof die outeur van die skrywe persoonlik aan jou gedink het toe hy die brief geskryf het!

Amen daarop. Dan moet hulle my eerder (soos op daardie briewe wat eiendomsagente en versekeraars in jou posbus gooi), "Geagte Huisbewoner" noem.

Maak daarom 'n spelfout in jou e-pos, sê die skrywer van die artikel! Dan gaan die persoon wat dit lees, weet dat jy dit persoonlik geskryf het – en nie 'n rekenaar wat vir 5000 ouens geskryf het (en dit geproeflees het) om hul TV-lisensies te hernu nie.

Maar dit het my aan die dink gesit. Het ons nie dalk persoonlike kontak op die altaar van die 21ste eeu motto "met die druk van 'n knoppie" opgeoffer nie? Hoe meer tegnologies ons ontwikkel, hoe minder word persoonlike kommunikasie tussen mense.

Maar eers weer 'n storie.

Toe ek net in die koshuis op Stellenbosch gekom het, was daar hoogstens vier of vyf rekenaars in die koshuis en ewe spoggerig het ons begin om plakkate op die eenvoudigste moontlike programme (grênd vir die tyd) te maak. Net 'n paar jaar later en almal kon op hulle Windows 3.1 plakkate maak wat die hele koshuis vol opgeplak was om elke denkbare koshuisfunksie te adverteer. Wat toe begin uitstaan het, was nie meer die rekenaarplakkate nie, maar die plakkate wat weer met die hand geskryf is en mooi ingekleur is. Amper 'n terugbeweeg na die oorspronklike, na die on-tegnologiese.

So wat was my nuwejaarsvoornemens? Persoonlike kontak. Om eerder te bel as om e-pos te stuur. Om eers by my kollega te hoor hoe die naweek was en hoe dit met die kinders se vioollesse gaan. Om persoonlike notas met die hand te skryf (een van die beste maniere om jouself en jou besigheid te bemark sê 'n vriend van my nou die dag) en om nooit weer 'n brief met 'n swart pen te teken nie, maar juis 'n blou pen te gebruik en hard op die papier te druk sodat die ontvanger weet die handtekening is nie ingeskandeer nie – dis persoonlik gegriffel.

Nou is my vraag: wat maak ons mens en wat maak ons mens-lik? Goed, behalwe dat ons kan bloos (en gereeld rede het maak nie saak wat jou velkleur is nie!), is dit die feit dat ons kan foute maak. Dit maak ons menslik! Dink net hoe maklik gooi ons dit in 'n gesprek in… *elke outjie maak 'n foutjie…ook maar mens…* en my persoonlike gunsteling is wanneer iemand vir 'n persfeksionis sê: *human after all hey*?

Toegegee, daar is iets te sê vir foutloosheid. Soos om te sorg dat jy liefs jou skouer moet inspekteer as jy baba se windjies moes uitvryf en 'n uur later 'n vergadering moet toespreek. Op 'n ernstiger noot moet die wetenskaplike foutloos probeer wees in sy navorsing, die rekenmeester wat die boeke eerlik moet laat klop, die predikant wat met die beste moontlike uitleg van 'n teksgedeelte vorendag moet kom, die ingenieur wat moet besef dat foute in berekeninge potensiaal lewens in gevaar kan stel, die mees objektiewe vertolking van 'n wet deur die regsgeleerde en die inoefening van 'n meesterstuk deur die musikant.

Maar tog vra ek of ons nog vandag mekaar die geleentheid gun om mense te wees en om foute te mag maak?

Mag die dag nooit aanbreek dat ons nie meer uit ons foute mag leer nie, want dan word ons robotte. Die punt is dit: foutloosheid beteken nie noodwendig uitnemendheid nie, om die waarheid te sê foutloosheid werk innovering teë. Moenie kreatiwiteit, nuwe denke en *out of the box thinking* verwag as jy nie jouself en diegene om jou foute gun nie want uit foute kom kreatiwiteit. Regverdig ek onverantwoordelikheid? Nee. Wat ek wel sê is om altyd hoër te mik - ten spyte van jou foute.

Maak daai spelfoud!

Martin

Skryf gerus aan die redakteur by *Die Redakteur: Matieland, Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602, e-pos media@sun.ac.za of faks (021) 808 3800.*

In die volgende uitgawe van *Matieland*:

Stuart Taylor

Oudmatie, komediant,
kulkunstenaar en TV-aanbieder.
Ernstig daaroor om Suid-Afrika
aan die lag te kry!